

## **Boodskap: Sondag 4 Augustus 2019**

Ds. Johan Marais

**Tema: Die heerlike voorreg en verantwoordelikheid om die enigste ware God te aanbid.**

**Skriflesing:** Eks 20:1-6 & 22-24; Eks 32:1-6 & 1 Joh. 3:2

Liewe gemeente van die Here Jesus, ons roete op pad deur die woestyn saam met Moses en die volk Israel, het ons tot vlak voor die berg Sinai gebring. Hier het God Homself aan hulle openbaar, deur hoorbaar in die donderslae, weerlig, rook, aardbewing en donkerte met hulle te praat. Moses moes alleen opgaan, want God het 'n geskenk vir Israel. God het sy wil vir 'n kosbare unieke verhouding met Hom, vir hulle in tien woorde opgesom. As hulle op pad hier deur die woestyn begin wonder het wat hierdie God van hulle voorvaders, wat hulle eintlik glad nie meer geken het nie, van hulle wou hê, hoef hulle nie langer te wonder nie. God wil hê dat hulle gelukkig moet lewe - dat hulle moet vry lewe soos Hy dit bedoel het van die skepping se tyd af. Vry genoeg om Hom te aanbid en hulle vreugde in Hom te vind. Dit sou 'n lewe wees van opregte liefde vir die God wat hulle eerste liefgehad het en uit Egipte kom red het (Eks 20:2) en dit sou 'n lewe wees waar hulle vir mekaar sou lief wees, 'n lewe waar ander hulle ook sou liefhê. Al wat nodig was, was gehoorsaamheid... **1Sam 15:22-23**

beklemtoon hoe belangrik gehoorsaamheid in hierdie kosbare verhouding met God is.

Somtyds kan die **onderskeiding** tussen die eerste en die tweede gebod of woord 'n bietjie verwarrend wees. Wat is die verskil tussen die eerste en die tweede gebod? Die eerste gebod gaan oor **WIE** aanbid moet word? Naamlik die enigste ware God terwyl die tweede gebod gaan oor **HOE** Hy aanbid moet en wil word. Die eerste gebod leer ons dat slegs die Een ware God aanbid moet word terwyl die tweede gebod ons leer dat Hy op die regte manier aanbid moet word.

Op 'n manier wil ons eintlik sê dat die tweede gebod nie regtig een van ons grootste probleme is nie. Die tiende gebod, nou daar is vir jou 'n moeilike een, maar om beelde te maak en te aanbid - dit is nie eintlik ons ding nie. Nie een van ons vat tog ons kinders se speelklei en maak iets daaruit en sit dit dan in die plek van God en aanbid dit nie. Maar as ons mooi oor hierdie gebod begin nadink kan ons dalk tot 'n heeltemal ander

slotsom kom. Hierdie gebod verbied die mens *om enige afbeelding, of denkbeeld* van God te maak en dit in die plek van God te plaas en te aanbid, **want beelde tas die wese en karakter van God aan en mislei ons oor wie God werklik is.**

En as jy gedink het dat ek en jy nie in die gevaarsone staan om hierdie gebod te oortree nie, dink weer. Dit het Israel minder as 40dae geneem om die gebod te oortree. Moses is 40dae en nagte op die berg waar God die gebooie aan Sy volk gee. Tydens die eerste 7 dae was daar skrikwekkende weerlig en dreunings, maar daarna het dit opgehou en steeds was Moses nie terug nie. Aaron het nog nie 'n afskrif van die gebooie gehad nie, maar hy het dit gehoor en geweet. Trouens hierdie gebod oor die beelde is die een gebod waaroor God uitgebrei het. **Lees Eks. 20:22-24.** Maar die volk is onrustig, hulle kan God nie sien nie... om te sien is veilig... om te sien is om beheer te hê oor hierdie God en dan wil hulle iets van God sien. Iets wat hulle gerusstel, wat hulle in hulle beheer het. Iets wat hulle nie bang maak nie en hulle oortuig Aaron om die bulkalf te maak uit goud. **Lees Eks 32:1-6** Aaron is self paniekbevange want aan die eenkant weet hy nie wat van Moses geword het nie en aan die ander kant is die volk in oproer. Hy besluit dus op 'n middeweg - hy sal die kalf laat maak, maar hy sal probeer om steeds die volk se aandag en aanbidding op God te rig. Daarom, met goeie bedoelings, roep hy die volgende dag 'n fees uit ter ere van Jahwe - ter ere van God en nie van die kalf nie. Die kalf moet net God se krag en teenwoordigheid uitbeeld. Maar in 'n oogwink mislei hierdie beeld hulle en kyk hoe ontaard die fees in vers 6- in alles wat God nie is nie en nie wil hê nie. Die beeld kry 'n lewe van sy eie en mislei en trek aandag af. Beelde is kragtig en verwring die heiligheid en heerlijkheid van wie God werklik is. Daarom het God gesê..."Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak nie..."

Die ou vertaling van ons teks het gesê dat God "*jaloers*" is. Is God dan met respek gesê, jaloers op beelde? Nee, oor sy mense, sy kinders wat Hom moet aanbid en dien. Hy deel nie jou en my hart met enige iets anders nie, selfs nie eers met ons versteurde prentjies van wie Hy werklik is nie. En daarom kom daar 'n geweldig straf na Israel se kant toe, want as God hulle nie daar en dan gestraf het nie sou hierdie wanbeeld van wie Hy is nog vir baie geslagte vorentoe aangehou het om Israel te verwar. Hierdie fout

van Aaron en die volk kon Israel se hele toekoms as volk van God wat tot seën vir die nasies moes wees gekelder het en daarom is God se straf ook genade wat hulle keer om langer verkeerd oor God te dink en Hom vals te aanbid. Die waarskuwing by hierdie gebod geld nie net vir die tweede gebod nie, maar vir al die gebooie (Eks 20:6). As ons verlei word om 'n vals beeld te koester van wie God is, kan hierdie beeld vir geslagte lank mense verwar en wegskeur van hierdie verhouding met God. Daar is soveel voorbeelde hiervan in die wêreld waar mense se beeld van wie God is uiteindelik hulle ondergang beteken het. Die belofte in hierdie verse is egter ook belangrik nl. dat God sê : “vir julle wat nie toelaat dat enige iets in My plek geplaas word nie en daarna soek om My waarlik te aanbid - kom tuis in 'n liefdevolle verhouding met God wat duisende geslagte lank kan duur.”

Watter tipe beelde word dan deur hierdie gebod verbied? Christus-beelde, skilderye wat prentjies van God probeer weergee op die plafon-panele van katedrale, kruise? Daar is min mense waarvan ek weet waar hierdie tipe beelde werklik hulle verhouding met God bepaal. Die beelde van God wat wel, in die tyd waarin ons leef, kinders van God die meeste skade kan berokken is dalk denkbeelde oor wie God is.

Ons het almal iewers in ons gedagtes 'n idee, of 'n prentjie of 'n “God is soos...” gedagte. Hierdie denkbeeld wat mense van God het bepaal dikwels hoe hulle God aanbid en ook hoe hulle lewe voor God. So is daar sommige mense wat aan God dink as 'n onregverdige regter wat net nooit tevrede gestel kan word nie, ander dink aan God soos hulle oor Kersvader dink - asof God net daar is om my te verras met geskenke en goeie dinge as ek maar net kan bewys dat ek goed genoeg was om dit te verdien. Nog ander dink aan God as 'n oupa figuur wat maar net vir my probeer laat goed voel oor myself. Jy sien, in 'n oupa se oë kan jy niks verkeerd doen nie. Hy gee nie werklik om wat jy doen nie. Jou lewe kan so immoreel wees soos wat jy wil, daarvoor sal die oupa net vir jou vertel dat jy “OK” is en hy glimlag dan die hele tyd. Al hierdie denkbeelde wat mense van God het tas God se heiligheid aan en perk God se soewereiniteit in, in mense se gedagtes, sodat God vir hulle hanteerbaar, of manipuleerbaar is. Sodat hulle in beheer van God kan wees. So sal mense dalk geskok wees om uit te vind dat God nie sosialisme onderskryf nie en ander weer dat God nie demokrasie, kapitalisme of

nasionalisme onderskryf nie. Iemand het eenmaal gesê dat ons redelik seker kan wees dat ons God na ons eie beeld geskep het as ons agterkom dat God dieselfde mense haat as wat ons haat.

Hoe help hierdie tweede woord ons dan om God waarlik lief te hê en om in 'n verhouding met Hom te leef? **1) Dit is belangrik om ons denkbeeld van wie God is gereeld te toets aan die Woord van God.** Hierdie gebod maak vir God se kinders die deur oop om Hom in werklikheid te mag aanbid, maar dan soos Hy dit wil en nie soos die vir ons gemaklik is of hanteerbaar is nie. God se heiligheid is alles behalwe hanteerbaar vir mense. Dit is juis God se soewereiniteit en ons onvermoë om Hom te vasvang in ons denksisteme wat die bewys is dat Hy werklik God is en dat Hy aanbid moet word. **2) Ons mag en moet gedurig daarna soek om God beter en reg te leer ken,** sodat ons nie ons eie skeefgetrekte beeld van wie God is in die plek van God plaas nie. 'n Goeie plek om hiermee te begin is om die hele Bybel te lees, nie net die gedeeltes waarvan ons hou om te lees nie. God is die Almagtige Skepper van die hemel en die aarde, Hy is die Een wat die verbond met Abraham sluit, Hy red Israel uit Egipte en versorg hulle in 'n woestyn met hemelbrood en vleis, met beskerming teen die woestynson en die koue van die nag, Hy laat water uit dorre woestyn rotse vloeï en berei 'n pad in die see. Hy is verrassend anders as enige een of iets wat ons ken. Hy is magtiger as enige deel van Sy skepping en soms is Hy skrikwekkend soos wat Israel daar aan die voet van die berg ervaar het. Hy red en Hy straf. Hy stuur in ballingskap as mense aan Hom ongehoorsaam is en Hy gaan haal hulle uit genade. Hy is "Ek is wat Ek is, Jahwe, wat niemand hoef te vra om genade te betoon of regverdig te straf nie. En Hy het Homself perfek geopenbaar in Jesus Christus, die Woord van God, wat mens geword het en onder ons kom woon het (Joh. 1:1&14). Hierdie tweede woord van God maak die deur oop om die ware God so te ontmoet dat ons kan groei in ons aanbidding van Hom. **3) Om te leer om God in geloof te sien totdat ons Hom eendag sal sien soos Hy werklik is.** Om te sien het vir mense vandag so belangrik geword dat hulle nie vir God kan aanbid as Hy onsienbaar is nie. Daarom probeer mense allerhande prentjies van God skep waarmee hulle vir God sigbaar kan maak, sodat hulle Hom kan aanbid. Die gevaar lê juis daarin dat enige prentjie wat ons van God kan hê, kan nooit God se heilige heerlijkheid omvat nie. Elke prentjie perk God in, maak nie saak hoe

kosbaar daardie prentjie is nie. Daarom het God vir ons geloof gegee, want geloof kan “sien” wat nie gesien kan word nie. Geloof is om God in sy Woord te leer ken en “sien” soos Hy geken en “gesien” wil word. ***Hierdie tweede gebod ontvou aan mense die voorreg en die verantwoordelikheid om die enigste ware God, die Skepper van die ganse heelal, wat steeds groter as die heelal is, die onkenbare, onsienlike, ewige en heilige God, te mag aanbid.*** Dan word dit 'n ontdekkingsreis, om te leer wat God jou van Homself wil leer, om asemloos in aanbidding voor Sy heerlikheid en heiligheid te staan, om Hom in Jesus Christus te leer ken, Sy liefde vir mense, Sy trou en gawe aan die kruis op Golgotha, totdat ons in die woorde van Johannes “Hom sal sien soos Hy werklik is.” (1Joh 3:2) Amen